

NOTULE

VIR DIE NEGENTIGSTE VERGADERING VAN DIE

SINODE

VAN DIE

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN NATAL

GEHOU TE PIETERMARITZBURG

DINSDAG 14 TOT DONDERDAG 16 OKTOBER 2003





VOORWOORD

Ons Afrikaanse woordjie “Sinode” kom van twee Griekse woordjies wat so klink: **Soen Hodos**. Dit beteken: *Saam op pad*. En so was ons die afgelope tyd as kerk van die Here Jesus Christus hier in KwaZulu-Natal saam op pad. Saam op pad in die lig van God se Woord.

Die resultaat van hierdie saamloop in Jesus se Naam hou jy nou in jou hand as notule van die negentigste vergadering van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal.

Om met hierdie notule gehoorsaam saam op pad te wees is die volgende sake tog belangrik:

- 1 Lees die notule met die lys van afkortings in die hand.
- 2 Lees die notule met die agenda en al die bylaes, wat u voor en tydens die vergadering reeds ontvang het, ter hand.
- 3 Neem asseblief kennis van die sakeregister wat besluite lys waaraan die kommissies, ringe en gemeentes moet aandag gee.
- 4 Implementeer asseblief ons besluite. Hoe sê ons Here Jesus se broer?
“’n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is die geloof wat nie tot daad kom nie, ook dood.” Jak 2:26.

’n Vliegtuig wat nie land nie sukkel om sy vrag effektief af te laai. Kom ons land die vliegtuig. Kom ons implementeer ons besluite in gehoorsaamheid en met oorgawe. Kom ons wees waarlik sinode – **soen hodos** – saam op pad in die lig van God se Woord in KwaZulu-Natal.

Mag die Here, met Wie ons saam op pad is, julle wonderlik seën, ook in die feestyd. En weet: “God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy oorfloedige rykdom in Christus Jesus.” Fil 4:19.

Pieter Raath



Ons Roeping:

Die Sinodale Kerkverband is geroep om
tot eer van God en die uitbreiding van sy koninkryk
kerkwees in die KZN konteks te versterk

by wyse van:

- * Sinodevergaderings
- * Sinodale werksaamheid
- * Sinodale verhoudingsaksies



INHOUDSOPGAWE

Voorwoord -----	1	2.3 Sinodale Ondersteuningskommissie -	36
Roeping-----	2	3 Kuratoria en Eksamenkommissies -----	37
Inhoudsopgawe-----	3	4 Permanente Kommissies vlg Ringe -----	37
Afkortings -----	4	5 Afgevaardigdes na Algemene Sinode --	39
N.0 Opening -----	5	N.6 Afsluiting -----	41
1 Verwelkoming -----	5	1 Kollekte-----	41
2 Konstituering-----	5	2 Verklaring van die NG Kerk in KZN -----	41
3 Amptelike Opening -----	5	3 Situasie in KZN-----	41
4 Groeteboodskappe-----	5	4 Onderzoek Naamsverandering-----	41
N.1 Moderamen-----	6	Sinodale besluite met betrekking tot ringe en	
3 Sinodevergadering -----	6	gemeentes-----	42
4 Rasionalisasie -----	6	Sakeregister -----	43
5 Algemene Sinode-----	7		
6 Ekumene-----	7	Bylaes:	
8 Appelle en Dispute -----	7	B1 Presensielys	
9 Kommunikasie-----	7	B2 Openingsrede	
11 Algemeen -----	7	B3 Groeteboodskappe	
N.2 Sinodale Ondersteuningskommissie-----	9		
1 Doelstellings -----	9		
4 Argief -----	10		
6 Studiefondse-----	11		
7 Pensioen- en Groepkemas -----	11		
8 Mediese Sake -----	11		
9 Gemeentebystand-----	11		
11 Sinodale bydraes -----	11		
12 Ander finansiële sake-----	11		
13 Eiendom en toerusting -----	12		
14 Ander administratiewe sake-----	12		
N.3 Sinodale Bedieningskommissie -----	13		
1 Inleiding -----	13		
2 Aanbidding -----	13		
3 Gemeentebediening -----	14		
4 Gemeenskapsbediening -----	14		
N.4 Sinodale Regskommissie-----	16		
5 Kerkorde en Bepalinge-----	16		
Reglemente: Algemene Sinode-----	16		
Bepalinge -----	16		
Reglemente van Natal-----	23		
Besluite-----	33		
N.5 Nuutverkose Kommissies, Verteenwoordigers en Afgevaardigdes-----	34		
1 Moderamen -----	34		
2 Permanente Kommissies -----	35		
2.1 Sinodale Regskommissie -----	35		
2.2 Sinodale Bedieningskommissie -----	35		



LYS VAN AFKORTINGS

AJK	Algemene Jeugkommissie	NGKA	Nederduits Gereformeerde Kerk in Afrika
AKAI	Algemene Kommissie vir Argief en Inligting	NG Kerk	Nederduitse Gereformeerde Kerk
AKDB	Algemene Kommissie vir Diens van Barmhartigheid	NGKN	Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal
AKE	Algemene Kommissie vir Erediens	NGO	Non-Governmental Organisation
AKG	Algemene Kommissie vir Gemeentebediening	NGTT	Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif
AKKM	Algemene Kommissie vir Kerklike Media	NH Kerk	Nederduitse Hervormde Kerk
AKLAS	Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake	Perm	Permanente
AKPB	Algemene Kommissie vir Predikantebediening	PSD	Predikant in Sinodale Diens
AKTO	Algemene Kommissie vir Teologiese Opleiding	PSK	Plaaslike Sendingkommissie
AKV	Algemene Kommissie vir die Vrouediens	PWP	Predikante en Weduwee Pensioenfonds
ARK	Algemene Regskommissie	RFK	Ringsfinansiële kommissie
ASK	Algemene Sinodale Kommissie	RJK	Ringsjeugkommissie
ASSK	Algemene Sendingkommissie	RKG	Ringskommissie vir Gemeentebediening
Bep	Bepaling (van Natalse Sinode)	RKLAS	Ringskommissie vir Leer en Aktuele Sake
BSA	Bybelgenootskap in Suid-Afrika	RSK	Ringsendingkommissie
BUVTON	Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding (US)	SABC	South African Broadcasting Corporation
CAD	Christelike Afhanklikheidsdiens	SARK	Suid-Afrikaanse Raad van Kerke
CCLI	Christian Copyright Licensing International	SAUK	Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie
CESA	Church of England in South Africa	SBK	Sinodale Bedieningskommissie
CIC	Commission for Inter Church Care	SEVTO	Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding (UP)
CLF	Christelike Lektuurfonds	SIC	Sub-Commission for Inter Church Care
CMC	Combined Missions Committee	SKA	Sinodale Kommissie vir Administrasie
CMD	Christelike Maatskaplike Dienste	SKDB	Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid
CNW	Christen Netwerk	SKG	Sinodale Kommissie vir Gemeentebediening
CWS	Christian Welfare Society	SOK	Sinodale Ondersteuningskommissie
DRC	Durban Reformed Congregation	SKV	Sinodale Komitee vir die Vrouediens
EVTO	Eenheid vir Verdere Teologiese Opleiding (UVS)	SRK	Sinodale Regskommissie
GBF	Gemeentebystandsfonds	TEASA	The Theological Alliance of South Africa
GEM	Geestelike Eeufees Monument (verwys na die Sending in Noordelike deel van Natal)	T	Tydlike
GPK	Gesamentlike Pensioenfonds Komitee	TK	Tydlike Kommissie
ISWEN	Instituut vir Sending Wetenskaplike Navorsing	TKLAS	Tydlike Kommissie vir Leer en Aktuele Sake
KMDR	Kerklike Maatskaplike Dienste Raad	UP	Universiteit van Pretoria
KMS	Kingfisher Mobilisering Sentrum	URCSA (KZN)	Uniting Reformed Church in Southern Africa (Regional Synod KwaZulu-Natal)
KO	Kerkorde (Algemene Sinode)	US	Universiteit van Stellenbosch
KZN	KwaZulu-Natal	UVS	Universiteit van die Vrystaat
KZN-CAN	KwaZulu-Natal Church Aid Network	VAM	Versoening, Armoede, Moraliteit
KZNCC	KwaZulu-Natal Council of Churches	VGK CVV	Verenigende Gereformeerde Kerk Christelike Vroue Vereniging
KZNCLG	KwaZulu-Natal Church Leaders Group	VGKSA	Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika
KZN-CMD	KwaZulu-Natal Christelike Maatskaplike Dienste	VGKSA (KZN)	Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (Streeksinode KwaZulu-Natal)
MIV/VIGS	Menslike immunitetsvirus/Verworwe immunitetsgebreksindroom	VTO	Voortgesette teologiese opleiding/onderrig
NBD	Nasionale Boekdrukkery	WRK	Wêreldraad van Kerke
NEPAD	The New Partnership for Africa's Development		



N.0 - NOTULE VAN DIE NEGENTIGSTE VERGADERING VAN DIE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN NATAL IN SITTING TE PIETERMARITZBURG OP 14 – 16 OKTOBER 2003

1 VERWELKOMING

Die Voorsitter, ds L W Meyer, verwelkom die sinodegangers, in besonder die nuwe lede. Hy heet ook besoekers van ander kerke, wat die sinodevergadering op uitnodiging bywoon, hartlik welkom.

2 KONSTITUERING

Die vergadering konstitueer met sy lede soos aangedui in die verslag van die Regskommissie (Bylae B1).

3 AMPTELIKE OPENING

Die Voorsitter neem die amptelike opening van die sinodevergadering waar. Sy openingsrede is beskikbaar as Bylae B2.

4 GROETEBODSKAPPE

Die volgende kerke het verteenwoordigers gestuur na die opening van die sinode. Die groetebodskappe wat ontvang is, is ingebind in Bylae B3:

- RCA – Verteenwoordig deur rev VV Pilay (B3.1);
- VGKSA – Verteenwoordig deur ds AH Mbatha (B3.2);
- Gereformeerde Kerk – Verteenwoordig deur ds D van't Zand (B3.3);
- N H Kerk van Afrika – Verteenwoordig deur ds P Harmse;
- CESA – Verteenwoordig deur dr WN Cole-Edwardes;
- Anglikaanse Kerk (Church of the Province) – Verteenwoordig deur rev BA Mkize (B3.4);
- Presbiteriaanse Kerk – Verteenwoordig deur rev TP Mlotshwa.



N.1 – VERSLAG VAN DIE MODERAMEN AAN DIE SINODEVERGADERING VAN NATAL IN SITTING OP 14-16 OKTOBER 2003

Die sinodevergadering neem die verslag van die Moderamen in behandeling, neem kennis van die inhoud daarvan, bespreek dit en besluit soos volg:

3 SINODEVERGADERING

3.1 Werkgroep: Aard, tegnieke en agenda van sinodevergadering

3.1.3 Aanbeveling:

Die sinodevergadering keur die verslag van die Werkgroep oor die aard, tegnieke en agenda van die sinodevergadering goed as riglyn.

Goedgekeur.

3.1.4 Aanbeveling:

Die sinodevergadering besluit dat die Werkgroep oor die aard, tegnieke en agenda van die sinodevergadering sy werk voortsit en indien hulle dit nodig ag, ander sinodevergaderings besoek om inligting in te samel.

Goedgekeur.

3.1.5 Aanbeveling:

Die sinodevergadering besluit dat die moderatuur tydens elke tweede sinodevergadering gekies word (elke vier jaar). Hierdie verkose moderatuur lei die volgende sinodevergaderings.

Goedgekeur.

3.1.7 Aanbeveling:

Die sinodevergadering besluit dat die vorige moderatuur tydens die Vergadering van 2003 sal optree tot aan die einde van die Vergadering waarna die Moderatuur wat tydens die sinodevergadering verkies word, sal oorneem.

Goedgekeur.

3.1.8 Aanbeveling:

Die sinodevergadering besluit om 1.17.3 van die Reglement van Orde te wysig om te lees:

"1.17.3 Notule van die sinodevergadering

1.17.3.1 Die notule van die sinodevergadering word tydens die vergadering deur die Skriba en Notulekommissie gehou. Geen notule word tydens die vergadering behandel of goedgekeur nie.

Goedgekeur.

1.17.3.2 Tydens die sinodevergadering word elke dag 'n lys van besluite deur die Notulekommissie uitgegee waarin die belangrikste besluite van die vorige dag aangebring word. Lede van die vergadering kan op indekskaarte kommentaar lewer indien hulle nie saamstem met die notulering van die besluite nie. Die Notulekommissie verwerk die ingekome kommentaar.

Goedgekeur.

1.17.3.3 Die notule word binne een week na die vergadering deur die PSD Ondersteuningsdienste in samewerking met die Skriba, Assistenteskriba en Moderator van die afgelope vergadering gefinaliseer waarna dit aan die moderamenlede versend word vir kommentaar binne twee weke. Die Dagbestuur van die Moderamen keur die notule na verwerking van die kommentaar finaal goed."

Goedgekeur.

3.3 Assistenteskriba

3.3.3 Aanbeveling:

Die sinodevergadering besluit dat die sameroeper van die notulekommissie voortaan as assistentskriba sal optree sodat daar nie meer tydens 'n sinodevergadering 'n assistentskriba gekies word nie.

Goedgekeur.

4 RASIONALISASIE

4.2 Hersamestelling van ringe

4.2.3 Aanbeveling:



Die sinodevergadering keur goed dat die ringe van Newcastle en Utrecht saamgesmelt het tot die Ring van Amajuba.

Goedgekeur.

4.3 Strategiese Bepanning

4.3.2 Aanbeveling:

Die sinodevergadering keur die volgende wysigings aan die doelstellings van die Moderamen goed:

4.3.2.1 Voeg by 'n punt 9: "Hanteer aansoeke om herstel tot bevoegdheid."

Goedgekeur.

4.3.2.2 Voeg by punt 8: "... en hanteer alle sake en korrespondensie wat nie op ander kommissies se terrein val nie."

Goedgekeur.

5 ALGEMENE SINODE

5.4 Afgevaardigdes na Algemene Sinode 2004

(Sien N5 punt 3 vir die name van die volledige afvaardiging).

5.4.2 Aanbeveling:

Die sinodevergadering besluit dat die afvaardiging van Natal vir 2004 soos volg saamgestel word:

5.4.2.1 Die agt predikante en agt kerkraadslede wat deur die ringe op die Moderamen aangewys is;

Goedgekeur.

5.4.2.2 Die verteenwoordigers van die sinode op algemene sinodale kommissies. Dit sluit in:

5.4.2.2.1 die twee PSD's

5.4.2.2.2 die verteenwoordigers op die vyf Algemene Sinodale Kommissies by name AKG, die AKDB, AJK, ASKG en AKPB

5.4.2.2.3 die twee voorsitters van hierdie sinode se twee sinodale kommissies, by name die SOK en SBK.

Goedgekeur.

5.4.2.3 Die vier verkose Moderatuurslede;

Goedgekeur.

5.4.2.4 Die sinode wys vier ouderlinge as afgevaardigdes na die Algemene Sinode aan.

Goedgekeur.

6 EKUMENE

6.2 Kerkhereniging

6.2.3 Aanbeveling:

Die sinodevergadering gee opdrag aan die Moderamen om te onderhandel met die familie van NG Kerke met die oog op die hou van 'n konvent voor die einde van 2004 oor kerkhereniging.

Goedgekeur.

8 APPËLLE EN DISPUTE

8.2 Sinodale Bydraes: Durban

8.2.2 Aanbeveling (T.1.1, pt 3.1):

Die sinodevergadering neem kennis van die feit dat die agterstallige sinodale bydraes van Durban-gemeente reeds betaal is.

Goedgekeur.

8.2.3 Aanbeveling (T.1.1, pt 3.2):

Die sinodevergadering neem kennis van die feit dat 'n ongelukkige woordkeuse "het geweier" gebruik is in die verslag van die Moderamen in plaas van "sien nie kans nie", wat 'n beter keuse sou wees en teken hiermee apologie aan.

Goedgekeur.

9 KOMMUNIKASIE

9.2 Die Kerkbode

9.2.3 Aanbeveling (T.1.1, pt 4.1):

Die sinodevergadering versoek die Moderamen om weer te besin oor moontlike spesiale Natal-uitgawes van die Kerkbode.

Goedgekeur.

11 ALGEMEEN

11.4 Inskakeling van Magudu by Pongola



11.4.2 Aanbeveling:
Die sinodevergadering keur die wysiging van die
sinodale grense goed.
Goedgekeur.

11.9 In Memoriam
11.9.15 Ds JW Brooks – 1983-1988:
Drakensberg-Vallei - is oorlede gedurende die
reses.



N.2 – VERSLAG VAN DIE SINODALE ONDERSTEUNINGSSKOMMISSIE AAN DIE SINODEVERGADERING GEHOU OP 14-16 OKTOBER 2003.

Die sinodevergadering neem die verslag van SOK in behandeling, neem kennis van die inhoud daarvan, bespreek dit en besluit soos volg:

1 DOELSTELLINGS

1.2 Aanbeveling:

Die sinodevergadering keur die volgende wysigings van die doelstellings van die SOK goed:

1.2.1 Vervang punt 1.1.3 met "personeelbestuur";

1.2.2 Skrap punte 1.1.8 en 1.1.9.

Goedgekeur.

1.3 Aanbeveling:

Vervang die werkswyse van die Sinodale Ondersteuningskommissie met die volgende:

“1. Die Sinodale Ondersteuningskommissie konstitueer tydens die sinodevergadering.

2. Die Kommissie kies 'n voorsitter, ondervoorsitter en een lid wat saam met die PSD as adviserende lid die dagbestuur vorm.

3. Die Sinodale Ondersteuningskommissie vergader een maal per jaar.

4. Die PSD Ondersteuningsdienste tree op as skriba van die Sinodale Ondersteuningskommissie.

5. Die Dagbestuur vergader indien nodig. Daar word vir drie vergaderings begroot

6. Besluite word uitgevoer deur die PSD Ondersteuningsdienste en sy kantoor of deur kommissielede soos ter vergadering besluit mag word.

7. Verteenwoordigers

7.1 Die Sinodale Ondersteuningskommissie wys 'n verteenwoordiger aan op die Moderamen.

7.2 Die Sinodale Ondersteuningskommissie wys verteenwoordigers aan by:

7.2.1 Die Algemene Kommissie vir Fondse;

7.2.2 Die Predikante- en weduweepensioenfonds.

7.3 Die verteenwoordigers lewer verslag aan die Sinodale Ondersteuningskommissie

8. Personeelbestuur:

8.1 Die Sinodale Ondersteuningskommissie hou toesig oor die werk van die PSD Ondersteuningsdienste en hy lewer aan die

Kommissie verslag van sy werksaamhede op die terrein van die Kommissie.

8.2 Die benoeming van die PSD Ondersteuningsdienste saam met die Moderamen en die Sinodale Regskommissie;

8.3 Die Sinodale Ondersteuningskommissie, in samewerking met die SRK, werf en stel sinodale kantoorpersoneel aan en hou toesig oor hul werksaamhede.

8.4 Die PSD Ondersteuningsdienste verwerk in ooreenstemming met Sinodebesluite en die jaarlikse riglyne van die AKF, die vergoedingspakket van personeel en predikante, lê dit voor aan die Dagbestuur vir goedkeuring waarna dit geïmplementeer asook deurgestuurd word aan gemeentes.

9. Finansiële bestuur:

9.1 Opstel van begrotings:

9.1.1 Die PSD Ondersteuningsdienste stel die begroting van die Sinodale Ondersteuningskommissie in samewerking met die voorsitter en ander belanghebbendes op.

Die voorlopige begroting word aan al die lede gesirkuleer vir kommentaar waarna wysigings aangebring word.

9.1.3 Die Sinodale Ondersteuningskommissie keur sy eie begroting asook dié van ander sinodale werksaamhede finaal goed.

9.2 Begrotingsbestuur:

9.2.1 Die Dagbestuur of persone deur die Kommissie aangewys ontvang die maandelikse state vir kontrolering, kommentaar en goedkeuring.

9.2.2 Alle lede ontvang jaarliks geouditeerde state vir kommentaar waarna die Dagbestuur dit goedkeur.

9.2.3 Die jaarlikse evaluering van begrotingsbestuur en hersiening van begrotings vind plaas binne drie maande nadat die geouditeerde state beskikbaar is en op 'n wyse wat deur die Kommissie bepaal word.

9.3 Beleggingsbestuur:

9.3.1 Die PSD Ondersteuningsdienste en ander lede hou die mark gedurig dop vir goeie beleggingsgeleenthede.

9.3.2 Beleggings word gedoen volgens die bestaande beleggingsbeleid van die sinodevergadering.



9.4 *Toekenning van finansiële hulp aan gemeentes word volgens die Riglyne vir finansiële bystand aan gemeentes uit Sinodale Fondse gedoen.*

9.5 *Die voorlegging van die boekhouding en alle nodige dokumentasie aan 'n geoktrooieerde rekenmeester vir 'n jaarlikse audit.*

9.6 *Die advies aan die kerkverband met alle sake wat betrekking het op die materiële welsyn van die kerk.*

9.7 *Die kontrole oor die verpligte bydraes van gemeentes.*

10. *Administrasie en eiendomsbestuur word deur die PSD Ondersteuningsdienste en sy personeel gedoen met verslag aan die Sinodale Ondersteuningskommissie en sluit in:*

10.1 *die registrasie van eiendomme op die naam van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal;*

10.2 *die reëling van behoorlike versekering van versekerbare eiendomme;*

10.3 *die benoeming van direkteure vir die Artikel 21 Maatskappy wat eiendomme bestuur.*

11. *Die Sinodale Ondersteuningskommissie kan in samewerking met die Sinodale Regskommissie reglemente en riglyne vir die beheer en hantering van bepaalde werksaamhede opstel.*

12. *Die Sinodale Ondersteuningskommissie se verteenwoordigers, te wete die PSD Ondersteuningsdienste en die Rekenpligtige Amptenaar (of enige twee ander persone deur die Sinodale Ondersteuningskommissie aangewys), het volmag om dokumente in verband met die behoorlike beheer en administrasie van die eiendomme en fondse van die Sinodale Kerkverband te onderteken.*

13. *Die Sinodale Ondersteuningskommissie handel volgens die REGLEMENT VIR DIE REËLING VAN EIENDOMME, GOEDERE EN FONDSE van die Algemene Sinode.*

14. *Die Sinodale Ondersteuningskommissie kan werkgroepe aanwys en lede koöpteer om sekere werksaamhede af te handel."*

Goedgekeur.

4 ARGIEF

4.5 Elektroniese lidmateregisters en registerafskrifte

4.5.3 *Aanbeveling:*

Die sinodevergadering keur goed dat gemeentes wat oor die standaardtoerusting beskik in die

toekoms hulle jaarlikse registerafskrifte elektronies aan die argiefkantoor kan stuur.

Goedgekeur.

4.5.4 *Aanbeveling:*

Die sinodevergadering bevestig dat elektroniese afskrifte steeds aan al die voorgeskrewe vereistes vir afskrifte moet voldoen.

Goedgekeur.

4.6 Die ring se goedkeuring

4.6.2 *Aanbeveling:*

Die sinodevergadering besluit dat jaarlikse registerafskrifte in die toekoms nie meer aan die ring voorgelê sal word nie, maar direk aan die argiefkantoor voor 28 Februarie van elke jaar gestuur sal word.

Goedgekeur.

4.6.3 *Aanbeveling:*

Die sinodevergadering besluit dat die Argiefbeampte direk met gemeentes sal onderhandel oor foutiewe of uitstaande afskrifte en probleemgevallen na die ring se kommissie wat argiefsake hanteer sal verwys.

Goedgekeur.

4.6.4 *Aanbeveling:*

Die sinodevergadering versoek die ringe se visitasiekommissies om tydens visitasie aandag te gee aan die gemeentes se lidmateregisters en om toe te sien dat die bepalings in die Argief- en Museumbeleid uitgeoef word (Kerkorde Natal 1999:117).

Goedgekeur.

4.8 Oorplasing van lidmaatskap

4.8.2 *Aanbeveling:*

Die sinodevergadering keur goed dat lidmaatskap elektronies van een gemeente na 'n ander oorgeplaas mag word, met opvolg van die oorspronklike ondertekende dokumente.

Goedgekeur.

6 STUDIEFONDSE

6.3 Reglement: Studiefondse



6.3.4 Aanbeveling:
Die sinodevergadering keur die Reglement vir Studiebeurse/lenings goed.
Goedgekeur.

7 PENSIOEN- EN GROEPSKEMAS

7.2 Predikante en Weduwee Pensioenfonds (PWP)

7.2.6 Aanbeveling:
Die sinodevergadering gee geleentheid dat die lede van die PWP een lidverteenvoorder met sekondus op die Trustees van die PWP verkies.
Goedgekeur.

7.2.7 Aanbeveling (T.2.1, pt 1.1):
Dat die voorsitter van die SOK as primarius en die ondervoorsitter van die SOK as sekondus as lede se verteenwoordigers op Trustees van die PWP dien.
Goedgekeur.

8 MEDIESE SAKE

8.2 Lidmaatskap: Discovery Mediesefonds

8.2.6 Aanbeveling:
Die sinodevergadering besluit dat leraars wat in stryd met sinodebesluite nie by die mediesefonds waarby Natal as groep inskakel, aansluit nie, nie na aftrede deur die NG Kerk van Natal gesubsidieer sal word nie.
Goedgekeur.

8.4 NGKN Befondser

8.4.4 Aanbeveling:
Die sinodevergadering keur die Riglyne vir die NGKN Befondser goed.
Goedgekeur.

9 GEMEENTEBYSTAND

9.1 Ontbinding: Gemeentebystandsfonds

9.1.4 Aanbeveling:

Die sinodevergadering besluit om die Gemeentebystandsfonds te ontbind en om die saldo van R833,310 oor te dra na die Reserwefonds waaruit gemeentes finansiëel bygestaan word.
Goedgekeur.

9.2 Riglyne: Gemeente Bystandsfonds

9.2.2 Aanbeveling:
Die sinodevergadering keur die Riglyne vir finansiële bystand aan gemeentes goed.
Goedgekeur.

11 SINODALE BYDRAES

11.5 Vasstel van 6% bedrag

11.5.5 Aanbeveling (T.2.1, pt 3.1):
Die sinodevergadering besluit om punt 8.6.1.3 van Besluit 8 (Kerkordeboek 1999, bladsy 161) soos volg te wysig: "8.6.1.3 Tien persent (10%) op die res van die inkomste van die gemeente."
Goedgekeur.

11.7 Administrasie: Sinodale Bydraes

11.7.4 Aanbeveling:
Die sinodevergadering keur die Riglyne vir die betaling van Sinodale Bydraes goed en vervang punt 8.2 van Besluit 8 (Kerkordeboek 1999, bladsy 160) met hierdie Riglyne.
Goedgekeur.

12 ANDER FINANSIËLE SAKE

12.1 Finansiële bestuur

12.1.3 Aanbeveling:
Die sinodevergadering wysig die besluit by punt 4.2.6.4.1.11.2 op bladsy 13 van die Notule van die sinodevergadering van 2002 om te lees: "Alle lede van die SOK ontvang jaarliks die geouditeerde state vir kommentaar waarna die Dagbestuur dit goedkeur."
Goedgekeur.

12.8 Finansiële posisie: Gemeentes

12.8.8 Aanbeveling (T.2.1, pt 6.1):



Dat al die kommentaar wat deur lede van die sinodevergadering ingelewer is, na SOK, SBK en Ringe verwys word vir besinning.

Goedgekeur.

12.16 Zimbabwe

12.16.4 Aanbeveling:

Die sinodevergadering versoek gemeentes om daadwerklike pogings aan te wend om fondse in te samel vir hulp aan Zimbabwe en om die fondse gereeld oor te betaal aan die Sinodale Kantoor in Pietermaritzburg.

Goedgekeur.

12.19 Werkgroep: afskaling

12.19.4 Aanbeveling:

Die sinodevergadering besluit dat daar volstaan word met die huidige 6% gemiddelde Sinodale Bydraes.

Goedgekeur.

12.19.5 Aanbeveling:

Die sinodevergadering besluit dat die Argief afgeskaal en indien moontlik uiteindelik verskuif word na Stellenbosch.

Goedgekeur.

13 EIENDOM EN TOERUSTING

13.4 Sinodale huise

13.4.4 Die sinodevergadering neem kennis dat 13.4.4 net moet lees tot in die derde reël na die woorde: "... uit te stel."

13.8 Feesterreine

13.8.3 Aanbeveling:

Die sinodevergadering gee volmag aan die SOK om die Bloukrans en Danskraal Feesterreine te vervreem, hetsy deur verkoop of skenking.

Goedgekeur.

14 ANDER ADMINISTRATIEWE SAKE

14.3 Reglement 2

14.3.2 Aanbeveling:

Die sinodevergadering skrap Reglement 2 – Reglement vir beheer van Kerklike Goedere en Fondse (Kerkordeboek 1999, bladsy 99-101).

Goedgekeur.

14.4 Aanbeveling (T.2.1, pt 7.1):

Die saak van 'n honorarium aan die skriba van die sinodevergadering word verwys na die SOK.

Goedgekeur.



N.3 – VERSLAG VAN DIE SINODALE BEDIENINGSKOMMISSIE (SBK) AAN DIE SINODEVERGADERING VAN NATAL IN SITTING 14 – 16 OKTOBER 2003 IN PIETERMARITZBURG

Die sinodevergadering neem die verslag van die SBK in behandeling, neem kennis van die inhoud daarvan, bespreek dit en besluit soos volg:

1 INLEIDING

1.2 Visioenering en Strategiese Plan

1.2.3 Aanbeveling:

Die sinodevergadering keur die doelstellings van die SBK goed om soos volg te lees:

"Die Sinodale Bedieningskommissie stel homself ten doel om:

1 alle Sinodale bedieningswerk en projekte waarop die sinodevergadering of sy kommissies mag besluit te koördineer en te bestuur;

Goedgekeur en verwys na permanente kommissie vir formulering (T.3.1, pt 1).

2 onderlinge verhoudinge binne die kerkverband op die bedieningsterrein te bevorder;

Goedgekeur.

3 die PSD Bediening te benoem en oor hom toesig te hou, in samewerking met die KZN CMD (vir solank as wat die pos aan die Welsynsorganisasie gekoppel is);

Goedgekeur en verwys na permanente kommissie vir formulering (T.3.1, pt 2).

4 gemeentes en ringe vir hulle werksaamhede op die bedieningsterrein te ondersteun."

Goedgekeur.

1.3 Strukturering

1.3.13 Aanbeveling (T.3.1, pt 3):

Die sinodevergadering keur goed dat die SBK die konsep van bedieningsvelde en bedieningsmodi (-terreine) gebruik om sy werksaamhede te struktureer.

Goedgekeur.

1.4.9 Ekumene (Samewerking met ander kerke)

1.4.9.3 Aanbeveling:

Gemeentes word aangemoedig om binne vennootskappe saam te werk met VGKSA en RCA in hul bedieningswerk binne die plaaslike konteks.

Goedgekeur.

1.5 Riglyne vir Funkzionering

1.5.2 Aanbeveling:

Die sinodevergadering keur die Riglyne vir die Funkzionering van die SBK goed .

Goedgekeur en verwys na permanente kommissie vir formulering (T.3.1, pt 4).

2 AANBIDDING

2.1.1 Leer en Aktuele Sake

Die sinodevergadering neem kennis dat ds RF Erasmus die kommissie se projekteier vir Leer en Aktuele Sake is.

2.2.1 Erediens

2.2.1.4 Aanbeveling:

Die sinodevergadering versoek afgevaardigdes om die name van kundige persone op die gebied van die erediens aan die PSD: Bediening deur te gee waaruit die SBK 'n ad hoc werkgroep kan saamstel.

Goedgekeur.



3 GEMEENTEBEDIENING

3.1.1 Predikantebediening

3.1.1.4 Aanbeveling (T.3.1, pt 5):
Die sinodevergadering keur die "Riglyne vir die Bediening aan en Ondersteuning van predikante in Natal" goed.
Goedgekeur.

3.2.1 Vennootskappe (tussen gemeentes)

3.2.1.5 Aanbeveling (T.3.2, pt 1.3):
Die sinodevergadering versoek ringskribas om bestaande skakeling en/of samewerkingsooreenkomste tussen gemeentes in die Familie van NG Kerke te lys en aan die SBK kantoor deur te gee, voor die einde van 2003.
Goedgekeur.

3.2.3 Fantastiese Families

3.2.3.3 Aanbeveling:
Die sinodevergadering doen 'n beroep op gemeentes om die Familie Fokus projek: Fantastiese Families, te implementeer.
Goedgekeur.

3.3.1 Skoolverlaterskampe

3.3.1.10 Aanbeveling:
1 Die sinodevergadering bedank die Kerkrade wat bereid is om hul leraars vir meer as 'n week af te staan aan skoolverlaterskampe.
Goedgekeur.

2 Die sinodevergadering bedank mnr Fanie Pretorius vir sy besondere bydrae oor die afgelope aantal jare by die skoolverlaterskampe en bid hom die seën van die Here toe op sy pad vorentoe.
Goedgekeur.

3.3.2 Predikantetoerusting

3.3.2.5 Aanbeveling:
1 Die sinodevergadering herinner kerkrade en predikante aan sy besluit dat die Natalse predikantekursus in der waarheid verpligtend vir predikante is.
Goedgekeur.

2 Die SBK word versoek om met die werkgewers van tentmaker-predikante te onderhandel oor die moontlikheid om hierdie predikante in staat te stel om die predikantekursus by te woon sonder benadeling van verlof of ander voordele.
Goedgekeur.

3.3.4 Onderwysbeleid

3.3.4.4 Aanbeveling:
Die sinodevergadering roep ouers op om volle verantwoordelikheid te neem vir die godsdiensoopvoeding van hul kinders.
Goedgekeur.

3.3.4.5 Aanbeveling (T.3.1, pt 7.1):
Die sinodevergadering versoek die SBK om meer leiding aan ouers, predikante, kerkrade en onderwysers te gee oor elkeen se besondere verantwoordelikheid in die godsdiensoopvoeding van ons kinders.
Goedgekeur.

4 GEMEENSKAPSBEDIENING

4.1.2 KZN CMD

4.1.2.5.6 Chemiese Afhanklikheid

4.1.2.5.6.3 Aanbeveling:
Die sinodevergadering spreek sy kommer uit oor die drankmisbruik onder tieners en versoek ouers om seker te maak wat die beskikbaarheid van drank is alvorens hulle hulle kinders na tienerpartytjies toe laat gaan.
Goedgekeur.

4.1.2.6 Finansies

4.1.2.6.3 Aanbeveling:
1 Die sinodevergadering versoek alle gemeentes om die KZN CMD en al sy diensvertakkings op alle moontlike maniere te ondersteun.
Goedgekeur.

2 Die sinodevergadering bedank die gemeentes van die NG Kerk vir die ondersteuning en samewerking met die KZN CMD.
Goedgekeur.



4.1.3 MIV/VIGS

4.1.3.4 Aanbeveling:

Die sinodevergadering aanvaar die Christen Vigsburo as vennoot in die stryd teen MIV/VIGS in KZN.

Ringe word aangemoedig om ekumeniese werkwinkels in samewerking met die Christen Vigsburo aan te bied.

Goedgekeur.

4.1.4 Armoede

4.1.4.3 Aanbeveling:

1 Die sinodevergadering moedig gemeentes aan om die saak van armoede op die agenda van plaaslike vennootskappe te plaas.

Goedgekeur.

2 Die sinodevergadering versoek gemeentes om hul suksesverhale oor armoedeverligting aan die SBK-kantoor te voorsien, om in die Posduif as "Stories van Hoop" te plaas.

Goedgekeur.

4.2.2 Committee for Inter-church Care (CIC)

4.2.2.5 Aanbeveling:

Die sinodevergadering herverbind die NG Kerk van Natal daartoe dat die bestaande subsidies aan die VGKSA nie summier gestaak sal word indien daar nog 'n werkkrag in die pos is nie.

Goedgekeur.

4.2.2.8 Aanbeveling:

1 Die sinodevergadering keur die volgende indeling van ringe as sekondere vennote van bestaande bedieningsvennootskappe in die GEM gebied goed, met die verstandhouding dat ringe die vrymoedigheid moet neem om met die PSD Bediening te skakel indien die indeling nie aanvaarbaar is nie:

- Ring van Amajuba – VGKSA Nkandla
- Ring van Vryheid – VGKSA Nongoma
- Ring van Ladysmith – VGKSA Mashona
- Ring van Melmoth – VGKSA Empangeni
- Ring van Durban en Durban-Suid
 - VGKSA KwaDingane
- Ringe van Pietermaritzburg en Port Shepstone – VGKSA Mtubatuba

Goedgekeur.

2 Die primêre vennootskappe in die GEM gebied word versoek om die relevante ringskommissies te kontak om hierdie sekondêre vennootskap te vestig.

Goedgekeur.



N.4 – VERSLAG VAN DIE SINODALE REGSKOMMISSIE AAN DIE SINODEVERGADERING VAN NATAL GEHOU OP 14-16 OKTOBER 2003.

Die sinodevergadering neem die verslag van die SRK in behandeling, neem kennis van die inhoud daarvan, bespreek dit en besluit soos volg:

5 KERKORDE EN BEPALINGE

Reglemente: Algemene Sinode

5.3 Reglement vir Tentmakerbediening

5.3.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering versoek die Algemene Sinode om punt 4.8.2 van die Reglement vir Tentmakerbediening te wysig sodat tentmakers by hulle eggenote(s) se mediesefonds by 'n ander werkgewer mag inskakel indien so versoek word.

Goedgekeur.

Bepalinge

5.4 Bepaling 7.1.2

5.4.2 Aanbeveling:

Die sinodevergadering wysig Bepaling 7.1.2 om soos volg te lui:

"... Uitstel van 'n beroep vir langer as drie maande mag alleen met toestemming van die ring of ringskommissie vir 'n bepaalde tydperk geskied. Na verstryking van die tydperk moet die saak deur die ring of ringskommissie heroorweeg word."

Goedgekeur.

5.5 Bepaling 7.2

5.5.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering besluit om 'n Bepaling 7.2.2 na Bepaling 7.2.1 in te voeg (en die res van die nummering van Bepaling 7.2 dienoreenkomstig te verander) wat soos volg lui: "Predikante van die NG Kerkfamilie is binne die NG Kerk beroepbaar. Ringe sien toe dat, by die goedkeuring van sodanige

beroepe, daar aan die vereistes van die NG Kerk vir opleiding en legitimasie voldoen word (Vergelyk Reglement 14, Reglement vir die Reëling van die Opleiding en Legitimasië van Evangeliedienaars).

Goedgekeur.

5.6 Bepaling 7.3.3

5.6.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering vervang die woorde tussen hakies met: "(Vgl. ook Reglement 6, Reglement vir die vermeerdering, kombinerings, eenwording en samesmelting van gemeentes.)"

Goedgekeur.

5.7 Bepaling 7.3.5

5.7.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering besluit om die laaste paragraaf van Bepaling 7.3.5 te vervang met: "Artikel 2.8.1 van Reglement 18, Reglement vir die Sending/Getuïenis van die NG Kerk oor samewerking word in ag geneem."

Goedgekeur.

5.8 Bepaling 7.3.6

5.8.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering besluit om "kommissie" by Bepaling 7.3.6 te vervang met "kommissie(s)".

Goedgekeur.

5.9 Bepaling 7.5.1

5.9.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering besluit om Bepaling 7.5.1 met die volgende te vervang: "Die Kommissie wat Diensverhoudinge hanteer berei vooraf 'n beroepsbrief voor vir voorlegging aan die kerkraadsvergadering. 'n Lid van die ringskommissie adviseer beide die kommissie wat diensverhoudinge hanteer en die beroepende vergadering (vgl. Art 7.3.1). Artikel 7, die Besluite by Artikel 7, sowel as die Bestuursgids vir



Diensverhoudinge moet hierin nagevolg word".

Goedgekeur.

5.10 Bepaling 7.5.2 tot 7.5.4

5.10.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering skrap Bepalinge 7.5.2 tot 7.5.4. Voeg 'n nuwe Bepaling 7.5.2 in wat lui: "Die beroeping geskied volgens die voorskrifte van Artikel 7 en die Besluite daarby."

Goedgekeur.

5.11 Bepaling 7.5.5.1

5.11.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering besluit om by Bepaling 7.5.5.1 na "stemgeregtigde stem" die woorde "per geslote stembriefie" in te voeg.

Goedgekeur.

5.12 Bepalinge 8.1 tot 8.4

5.12.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering besluit om Bepalings 8.1, 8.2, 8.3 en 8.4 te hernommer na 7.6, 7.7, 7.8 en 7.9 onderskeidelik en na Artikel 7 in te voeg.

Goedgekeur.

5.13 Bepaling 8.1.1

5.13.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering besluit om Bepaling 8.1.1 te wysig om te lees: "Goedkeuring van die beroep word van die gemeente verkry deur die naam van die beroepene op twee agtereenvolgende Sondae in die gemeente af te kondig."

Goedgekeur.

5.14 Bepaling 8.1.2

5.14.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering besluit om by Bepaling 8.1.2 die woorde "voorsitter van die beroepende vergadering" te verander na "voorsitter of skriba van die ringskommissie".

Goedgekeur.

5.15 Bepaling 8.1.3.1

5.15.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering besluit om Bepaling 8.1.3.1 te skrap en die numering daarna aan te pas.

Goedgekeur.

5.16 Bepaling 8.1.3.3

5.16.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering besluit om by Bepaling 8.1.3.3 na "kerkraad" die woorde "en ring" by te voeg.

Goedgekeur.

5.17 Bepaling 8.2

5.17.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering besluit om by Bepaling 8.2 die woord "approbasie" met "goedkeuring" te vervang.

Goedgekeur.

5.18 Bepaling 8.4.6

5.18.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering besluit om aan die einde van Bepaling 8.4.6 die sin "Kennis word aan die ARK gegee" by te voeg.

Goedgekeur.

5.19 Bepaling 8.5.6

5.19.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering wysig Bepaling 8.5.6 om soos volg te lui:

"Proponente word met handoplegging bevestig."

Goedgekeur.

5.20 Bepaling 8.6

5.20.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering verander die verwysing "KO Art 8.1.4" by Bepalinge 8.6.1 (vierde kolletjie), 8.6.2 en 8.6.5 na "KO Art 8.2.3".

Goedgekeur.

5.21 Bepaling 8.6.4

5.21.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering vervang "Saakgelastigde" met "PSD Ondersteuningsdienste" by Bepaling 8.6.4, 14.3, 14.4.4, 28.5.2.6 en 65.1.

Goedgekeur.



5.22 Bepaling 11.1.2

5.22.1 Aanbeveling:
Die sinodevergadering vervang "Kommissie vir Diensverhoudinge" met "Kommissie wat diensverhoudinge hanteer" by Bepaling 11.1.2, 14.1.1, 14.1.2, 14.1.3 en 14.1.4.

Goedgekeur.

5.23 Bepaling 13.1.1

5.23.1 Aanbeveling:
Die sinodevergadering vervang by Bepaling 13.1.1 "SKDV" met "SOK".

Goedgekeur.

5.24 Bepaling 13.1.3

5.24.1 Aanbeveling:
Die sinodevergadering voeg aan die einde van Bepaling 13.1.3 tussen hakies by "(Vergelyk Reglement 19 van die Kerkorde van die Algemene Sinode, Reglement vir Tentmakerbediening)".

Goedgekeur.

5.25 Bepaling 14.2.2

5.25.1 Aanbeveling:
Die sinodevergadering besluit om na die term "kommissie" 'n "(s)" te plaas.

Goedgekeur.

5.26 Bepaling 15

5.26.1 Aanbeveling:
Die sinodevergadering skrap Bepalings 15.2.2, 15.3.2, 15.4.5 en 15.6.5 en pas numeringe aan.

Goedgekeur.

5.27 Bepalings 16.1 en 17.1

5.27.1 Aanbeveling:
Die sinodevergadering skrap Bepalings 16.1 en 17.1.

Goedgekeur.

5.28 Bepaling 27.2

5.28.1 Aanbeveling:
Die sinodevergadering skrap Bepaling 27.2 asook 27.1.2.1, 27.1.2.2, 27.1.2.3, 27.1.2.4 en 27.1.2.5.

Goedgekeur.

5.29 Bepaling 28.1

5.29.1 Aanbeveling:
Die sinodevergadering skrap "(KO Art. 28)" in die opskrif.

Goedgekeur.

5.30 Bepaling 28.1.2

5.30.1 Aanbeveling:
Die sinodevergadering wysig Bepaling 28.1.2 om soos volg te lui:

"Buitengewone vergaderings van die kerkraad word deur die voorsitter byeengeroep na oorlegpleging met die leraar(s) indien die voorsitter nie 'n leraar van die gemeente is nie, of as hy/sy deur minstens drie lede van die kerkraad skriftelik, met opgaaf van redes, daarom versoek word en met kennisgewing aan al die lede."

Goedgekeur.

5.31 Bepaling 28.5.2

5.31.1 Aanbeveling:
Die sinodevergadering wysig Bepaling 28.5.2 om soos volg te lui:

"Die amptenaar/amptenare se verantwoordelikhede sluit die volgende in: 28.5.2.1, 28.5.2.3 tot 28.5.2.6 (bly dieselfde) "28.5.2.2 maak geen uitbetalings sonder opdrag of vooraf magtiging van die kerkraad nie."

28.5.3 "Die skriba" word geskrap en die numering begin by 28.5.2.7.

Goedgekeur.

5.32 Bepaling 28.5.3.5

5.32.1 Aanbeveling:
Die sinodevergadering besluit om na "afskrifte van doopseëls" die woord "attestate" in te voeg.

Goedgekeur.

5.33 Bepaling 31.1 en 31.2

5.33.1 Aanbeveling:
Die sinodevergadering besluit om Bepalings 31.1 en 31.2 te hernommer na 30.1 en 30.2 en te verskuif net na Artikel 30 en die numeringe daarna aan te pas.

Goedgekeur.



5.34 Bepaling 31.2.2

5.34.1 Aanbeveling:
Die sinodevergadering besluit om by Bepaling 31.2.2 die verduideliking van die SRK wat 'n vakature/vakante leraarspos is, as 'n voetnota in te voeg. Hierdie verduideliking lui soos volg: " 'n Vakature vir 'n predikant bestaan alleen waar die ring/ringskommissie amptelik goedkeuring verleen het vir die uitstel van 'n beroep kragtens Bepaling 7.1.2."

Goedgekeur.

5.35 Bepaling 31.8.2

5.35.2 Aanbeveling:
Die sinodevergadering wysig Bepaling 31.8.2 om soos volg te lees: "In die hantering van sake bestaan die ringskommissie altyd uit drie lede."

Goedgekeur.

5.36 Bepalings 31.15 en 31.16

5.36.1 Aanbeveling:
Die sinodevergadering skrap die bestaande Bepalings 31.15 en 31.16 en vervang dit met 'n Bepaling 31.15 wat soos volg lui:
"Bepaling 31.15 Die vermeerdering, kombinerings, eenwording en samesmelting van gemeentes

31.15.1 *Vir die vermeerdering, kombinerings, eenwording en samesmelting van gemeentes word die voorskrifte van die Reglement vir die vermeerdering, kombinerings, eenwording en samesmelting van gemeentes (Reglement 6 Kerkorde Algemene Sinode 2002) gevolg.*

31.15.2 *Die vermeerdering, kombinerings, eenwording en samesmelting van gemeentes geskied met advies van die Ring /Ringskommissie /Ringsfinansiële kommissie /Ringsbeplanningskommissie."*

Goedgekeur.

5.37 Bepaling 33.1.2

5.37.1 Aanbeveling:
Die sinodevergadering besluit om by Bepaling 33.1.2 na "Artikel 33.3", "voetnota by Bepaling 31.2.2" by te voeg.

Goedgekeur.

5.38 Bepaling 37.1

5.38.1 Aanbeveling:
Die sinodevergadering wysig Bepaling 37.1 om soos volg te lui: "Die Moderator neem die formele opening met 'n gepaste Skrifwoord en liturgiese handeling waar."

Goedgekeur.

5.39 Bepaling 37.3

5.39.1.1 Aanbeveling (T.4.1, pt 4):
Die sinodevergadering vervang Bepaling 37.3.1 tot 37.3.3 met:

"37.3.1 Teen die einde van elke tweede gewone sinodevergadering verkies die vergadering agtereenvolgens 'n Moderator, Assessor, Aktuaris en Skriba vir die volgende twee vergaderings.

37.3.2 Die sinodevergadering wys sekundi aan vir die Assessor, Aktuaris en Skriba. Die Assessor dien as sekundus vir die Moderator.

37.3.3 Die sekundus vir die Skriba dien as assistentskriba en sameroeper van die notulekommissie.

37.3.4 As daar tussen sinodevergaderings 'n vakature sou ontstaan, wys die Moderamen iemand aan om die vakature te vul.

37.3.5 Die verkose Moderatuur sorg vir die ordelike verloop van die volgende twee sinodevergaderings. Die vorige Moderatuur se termyn verstryk aan die einde van die vergadering waarop die nuwe Moderatuur verkies is.

37.3.6 Die verkose Moderatuur dien tussen sinodevergaderings as Dagbestuur van die Moderamen."

Goedgekeur.

5.40 Bepaling 37.4

5.40.1 Aanbeveling:
Die sinodevergadering vervang die woord "handelinge" met die woord "notule" in Bepalinge 37.4.2 en 37.4.3.

Goedgekeur.

5.41 Bepaling 37.6

5.41.1 Aanbeveling:
Die sinodevergadering besluit dat Bepaling 37.6 Bepaling 37.6.1 word en dat 'n nuwe Bepaling 37.6.2 ingevoeg word wat lui: "beleidsbesluite word deur die sinodevergadering geneem en in dringende



gevalle deur die Moderamen met verslag aan die sinodevergadering".

Goedgekeur.

5.42 Bepaling 37.7

5.42.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering wysig Bepaling 37.7 om soos volg te lui: "Die sinodevergadering dra tydens die vergadering sekere opdragte aan tydelike kommissies, soos deur die moderamen of sinodevergadering benoem, op om tydens die vergadering dit uit te voer en daarvoor verslag te doen.

Goedgekeur.

5.43 Bepaling 37.8.1

5.43.1 Aanbeveling (T.4.1, pt 5.3):

Die sinodevergadering vervang Bepaling 37.8.1 met: "Die sinodevergadering benoem in ooreenstemming met sinodebesluite die volgende permanente kommissies wat tydens die sinodevergadering moet vergader om te konstitueer: Moderamen, Sinodale Bedieningskommissie (SBK, voorheen o.a. bekend as die SKDB), Sinodale Ondersteuningskommissie (SOK) en Sinodale Regskommissie (SRK)."

Goedgekeur.

5.44 Bepaling 37.8.4

5.44.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering skrap Bepaling 37.8.4.

Goedgekeur.

5.46 Bepaling 37.10

5.46.1 Aanbeveling (T.4.1, pt 6.2):

Wysig bepaling 37.10 om soos volg te lees:

"BEPALING 37.10 – SINODALE VERTEENWOORDIGERS

37.10.1 Op voordrag van 'n Kommissie vir Kommissies benoem die sinodevergadering die volgende verteenwoordigers met sekundi:

37.10.1.1 Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch - Kuratorium en Eksamenkommissie: Een lid, met verslag aan die SBK en deur die SBK aan die sinodevergadering.

37.10.1.2 Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria - Kuratorium en Eksamenkommissie: Een lid, met verslag aan

die SBK en deur die SBK aan die sinodevergadering.

37.10.1.3 Teologiese Fakulteit van die Universiteit van die Vrystaat - Kuratorium en Eksamenkommissie: Een lid, met verslag aan die SBK en deur die SBK aan die sinodevergadering.

37.10.2 Die volgende verteenwoordigers met sekundi word deur die betrokke kommissie aangewys:

37.10.2.1 Interkerklike Kommissie vir Onderwys: Een lid, verkieslik 'n onderwyskundige, aangewys deur die SBK, met verslag aan die SBK en deur die SBK aan die Sinodevergadering.

37.10.2.2 Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys: Een verteenwoordiger aangewys deur die SBK, met verslag aan die SBK en deur die SBK aan die sinodevergadering.

37.10.2.3 Christelike Lektuurfonds: Een verteenwoordiger aangewys deur die SBK, met verslag aan die SBK en deur die SBK aan die sinodevergadering.

37.10.2.4 Bybelgenootskap van SA, Durbanstreek: Twee lede waarvan een verkieslik 'n sakeman moet wees. KwaZulu-streek: Twee lede waarvan een verkieslik 'n sakeman moet wees, aangewys deur die SBK, met verslag aan die SBK en deur die SBK aan die sinodevergadering.

37.10.2.5 Zisize: Een kerklike lid aangewys deur die SBK met verslag aan die SBK en deur die SBK aan die sinodevergadering.

37.10.2.6 Koningsdal Kinderhuis: Een kerklike lid aangewys deur die SBK met verslag aan die SBK en deur die SBK aan die sinodevergadering.

37.10.2.7 Raad van Trustees van die Predikante- en Weduwee Pensioenfonds: Een lid aangewys deur die SOK met verslag deur die SOK aan die sinodevergadering."

Goedgekeur.

5.47 Bepalinge 37.11 tot 37.14

5.47.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering skrap Bepalinge 37.11 tot 37.14.

Goedgekeur.

5.48 Bepaling 48.1

5.48.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering:



5.48.1.1 skrap die woorde "wat binne bepaalde ... woonagtig is en" by Bepaling 48.1.2.1;

Goedgekeur.

5.48.1.2 vervang "wat ... woon" met "van die gemeente" by Bepaling 48.1.2.2

Goedgekeur.

5.49 Bepaling 48.5.3

5.49.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering keur die volgende wysiging van Bepaling 48.5.3 goed:

Voeg tussen "hul" en "bewyse van lidmaatskap" in "attestate of".

Goedgekeur.

5.50 Bepalinge 49.1

5.50.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering skrap Bepalinge 49.1.2, 49.1.3 en pas die numering daarna aan.

Goedgekeur.

5.51 Bepalinge 49.2

5.51.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering skrap Bepaling 49.2.

Goedgekeur.

5.52 Bepaling 50.9

5.52.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering wysig Bepaling 50.9 soos volg:

5.52.1.1 Vervang die woord "Jeugkommissies" met "Kommissies wat jeugsake hanteer,..." by die inleidende paragraaf van Bepaling 50.9.

Goedgekeur.

5.52.1.2 Skrap " – KERKRAADSJEUG-KOMMISSIE" by Bepaling 50.9.1.1.

Goedgekeur.

5.52.1.3 Vervang "kerkraadsjeugkommissie" met "kerkraadskommissie wat jeugsake hanteer" op albei plekke by Bepaling 50.9.1.2 asook by Bepaling 50.9.1.3.1.

Goedgekeur.

5.52.1.4 Vervang die woord "reglement" met "Riglyne" by Bepaling 50.9.1.2.

Goedgekeur.

5.52.1.5 Skrap " – RINGSJEUGKOMMISSIE" by Bepaling 50.9.2.

Goedgekeur.

5.52.1.6 Vervang "ringsjeugkommissie" met "ring se kommissie wat jeugsake hanteer" by Bepalinge 50.9.2.1, 50.9.2.2, 50.9.2.3, 50.9.2.4 en 50.9.2.5.

Goedgekeur.

5.53 Bepalinge 52.1

5.53.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering wysig Bepaling 52.1 soos volg:

5.53.1.1 Vervang "Kommissie vir Gemeentebediening" met "kommissie wat gemeentebediening hanteer" in die opskrif by Bepaling 52.1 en by Bepaling 52.1.1.

Goedgekeur.

5.53.1.2 Vervang die laaste sin by Bepaling 52.1.1 met "Die Vrouediens (waar dit funksioneer) lewer verslag aan die kerkraad se kommissie wat gemeentebediening hanteer."

Goedgekeur.

5.54 Bepaling 52.2

5.54.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering wysig Bepaling 5.2 soos volg:

5.54.1.1 Vervang "Ringskommissie vir Gemeentebediening (RKG)" in die opskrif van Bepaling 52.2 met "ring se kommissie wat gemeentebediening hanteer".

Goedgekeur.

5.54.1.2 Vervang "Ringskommissie vir Gemeentebediening" in Bepaling 52.2.1 met "ring se kommissie wat gemeentebediening hanteer".

Goedgekeur.

5.54.1.3 Vervang "RKG" in Bepaling 52.2.2 met "kommissie".

Goedgekeur.

5.55 Bepaling 54.3

5.55.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering vervang "SKDB" met "KZN-CMD" in Bepalinge 54.3.1 en 54.3.2.

Goedgekeur.



5.56 Bepaling 54.4

5.56.1 Aanbeveling:
Die sinodevergadering skrap Bepaling 54.4.
Goedgekeur.

5.57 Bepaling 56.1

5.57.1 Aanbeveling:
Die sinodevergadering wysig Bepaling 56.1 soos volg:
5.57.1.1 Skrap "(KO Art. 56)" in die opskrif van Bepaling 56.1.
Goedgekeur.

5.57.1.2 Vervang "vir Leer en Aktuele Sake" met "wat Leer en Aktuele Sake hanteer" in Bepaling 56.1.
Goedgekeur.

5.58 Bepalings 57

5.58.1 Aanbeveling:
Die sinodevergadering wysig Bepalings 57 soos volg:
5.58.1.1 Voeg na "openbare erediens" by Bepaling 57.1 in "en die lewensonderhoud van die leraars".
Goedgekeur.

5.58.1.2 Vervang Bepaling 57.4 met die volgende:
"Bepaling 57.4 Kerkraadskommissie(s) wat stoflike aangeleenthede hanteer
57.4.1 *Die Kommissie of kommissies word saamgestel volgens plaaslike omstandighede.*
57.4.2 *Aan die kommissie(s) word opgedra om:*
57.4.2.1 *maandeliks die gemeentelike finansiële toestand na te gaan met die oog op verslag en leiding aan die kerkraad, onder andere deur middel van die jaarlikse begroting;*
57.4.2.2 *opdragte van die kerkraad uit te voer met betrekking tot insameling, versorging en aanwending van gemeentelike eiendomme en fondse;*
57.4.2.3 *alle argiefwaardige stukke te bewaar en te orden;*
57.4.2.4 *registerafskrifte te laat kontroleer en sertifiseer;*
57.4.2.5 *te handel in ooreenstemming met die Reglement vir Beheer van Kerklike Goedere en Fondse (vgl. bladsy 99) en die Argief (vgl. bladsy 116);*

57.4.2.6 *die gemeenteblyd uit te gee of oor toesig te hou;*

57.4.2.7 *verslag te doen aan elke gewone kerkraadsvergadering oor al die werksaamhede."*

Goedgekeur.

5.58.1.3 Skrap Bepaling 57.6.
Goedgekeur.

5.58.1.4 Vervang "Rings-Finansiële Kommissie" in die opskrif by Bepaling 57.5 met "ringskommissie(s) wat stoflike aangeleenthede hanteer".

Goedgekeur.

5.58.1.5 Vervang die inleidende sin by Bepaling 57.5 met "Die ring kies 'n kommissie of kommissies wat:"

Goedgekeur.

5.58.1.6 Voeg die huidige Bepalings 57.8.1 tot 57.8.4 na Bepaling 57.5.6 in, verander die numering dienoreenkomstig en skrap Bepaling 57.8.

Goedgekeur.

5.58.1.7 Skrap Bepaling 57.6.
Goedgekeur.

5.59 Bepaling 58.1

5.59.1 Aanbeveling:
Die sinodevergadering voeg 'n nuwe Bepaling 58.1 in wat soos volg lui:
"Bepaling 58.1 Diensverhouding
58.1.1 *Die kerk behoort alle werknemers wat in haar diens staan op alle vlakke van kerkregering en in alle fasette waar daar 'n werkgewer-werknemer verhouding bestaan, Bybels regverdig en billik te behandel.*
58.1.2 *Werknemers behoort ook in gehoorsaamheid aan die Bybelse opdrag eerlik en opreg in die vervulling van hulle onderskeie beroepe op te tree.*
58.1.3 *Die kerkraad, ring of sinode wat personeel in diens het, wys 'n kommissie aan wat diensverhouding hanteer. Hierdie kommissie word saamgestel uit kundige persone wat in besonder vir hierdie werk toegerus is. Daar mag ook van kundige persone van buite gebruik gemaak word (vgl. besluite by Art 12, 12b1.1).*
58.1.4 *Die funksies van die kommissie wat diensverhouding hanteer is soos volg:*



58.1.4.1 Sorg dat 'n personeelbeleid in plek is en op datum gehou word.

58.1.4.2 Sien toe dat die hantering van alle personeel in ooreenstemming met die plaaslike personeelbeleid geskied, en in die geval van predikante se beroeping, indienstreding en diensbeëindiging, dat die hele proses ordelik verloop in ooreenstemming met Artikels 5-14 van die Kerkorde en die Besluite en Bepalings daarby.

58.1.4.3 Vul vakante kerklike poste met lidmate van die NG Kerk. Waar geskikte lidmate nie gevind word nie, mag uitsonderings gemaak word op voorwaarde dat 'n klousule in die dienskontrak ingebou word waarin die kandidaat onderneem om in die uitvoering van pligte niks te doen wat die belydenis en etos van die NG Kerk in gedrang bring nie.

58.1.4.4 Finaliseer posvereistes, dienskontrakte en posbeskrywings in samewerking met ander betrokke kommissies (indien enige).

58.1.4.5 Maak aanbevelings oor die prosedures met die werwing en keuring van nuwe personeel.

58.1.4.6 Tree as fasiliteerder op tussen die kommissie wat finansies hanteer en die personeel met die vasstelling van vergoeding.

58.1.4.7 Maak voorsiening vir die opleiding en ontwikkeling van personeel. In die geval van predikante word toegesien dat hulle toerusting ontvang in ooreenstemming met Algemene Sinode besluite.

58.1.4.8 Sien toe dat personeelrekords op datum gehou word. Die volgende dokumente behoort in personeellêers geliasseer te word: CV/aansoekvorm, diensooreenkoms / beroepsbrief, pensioenbenoemingsvorm, vergoedingsaanpassing: brief, verloftekord, afskrif van ID dokument, afskrif van bestuurderslisensie, afskrif van kwalifikasiesertifikate, afskrif van lidmaatskap van professionele verenigings, griewe/dissiplinêre dokumentasie, posbeskrywing, afskrif van korrespondensie.

58.1.4.9 Sien toe dat alle vereistes ten opsigte van pensioenfondse, mediese fondse, werkloosheidsversekering en ongevalleversekering nagekom word.

58.1.4.10 Hanteer alle griewe en dissipline ooreenkomstig die personeelbeleid in samewerking met die ander betrokke kommissies (indien enige).

58.1.4.11 Ondersteun alle personeel as 'n kosbare bate deur om te sien na hulle geestelike, emosionele en fisiese behoeftes.

58.1.4.12 Tree op in ooreenstemming met toepaslike Kerkorde Artikels en Bepalings."

Goedgekeur.

5.60 Bepaling 68.1

5.60.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering vervang Bepalinge 68.1 met:

"70.1 Ekumeniese betrekkinge is in sinodale verband 'n werksaamheid van die Moderamen.

70.1.1 Tot die werksaamheid van die Moderamen behoort:

70.1.1.1 bepaling van ekumeniese beleid;

70.1.1.2 leiding aan kerkvergaderinge in verband met ekumene;

70.1.1.3 op- en uitbou van ekumeniese betrekkinge.

70.2 Elke kerkraad(behou die bewoording van 68.1.3).

70.3 Skakeling ... (behou die bewoording van die huidige 68.1.4)."

Goedgekeur.

Reglemente van Natal

5.61 Reglement van Orde

5.61.4 Aanbeveling (T.4.1, pt 7.2):

Die sinodevergadering keur die volgende wysigings in die Reglement van Orde goed:

5.61.4.1 Voeg 'n punt 1.11.5 by in die Reglement van Orde wat soos volg lui:

"1.11.5 In uitsonderlike gevalle word laat beskrywingspunte aan die sinodevergadering deur die betrokke tydelike kommissie van die sinodevergadering hanteer, die meriete van die saak word oorweeg en word dan vervat in 'n tydelike kommissieverlag wat voor die sinodevergadering sal dien. In sulke gevalle moet die insender skriftelik redes verskaf waarom die beskrywingspunt nie voor die sperdatum ingestuur is nie."

Goedgekeur.

5.61.4.2 Skrap punt 1.13.5 van die Reglement van Orde.

Goedgekeur.

T4.1 punt 7.2.3 Wysig punt 1.8.6 van die Reglement van Orde soos volg:



Vervang "sinodesittings" met "sinodevergaderings" en "Tydelike Kommissie vir Fondse" met "Tydelike Kommissie wat fondse en verwante sake hanteer."

Goedgekeur.

5.63 Reglement vir Kerkjeugaksies

5.63.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering besluit om die opskrif "Reglement vir Kerkjeugaksies" te verander na "Riglyne vir Kerkjeugaksies" en om die Riglyne te verskuif na Afdeling III van die Kerkordeboek.

Goedgekeur.

5.64 Deel III: Kerkordeboek

5.64.1 Aanbeveling:

Die sinodevergadering wysig die opskrif van Deel III (bladsy 104) na "Roeping kommissies, riglyne en handleidings".

Goedgekeur.

5.64.2 Aanbeveling:

Die sinodevergadering vervang Punt 1 op bladsy 105 van die Kerkordeboek met die volgende:

"1.1 Roeping

Die Sinodale Kerkverband is geroep om tot eer van God en die uitbreiding van sy koninkryk kerkwees in die KZN konteks te versterk by wyse van:

- * *Sinodevergaderings*
- * *Sinodale werksaamheid*
- * *Sinodale verhoudingsaksies*

1.2 Begripsomskrywing

1.2.1 *Sinodale kerkverband: verwys na die vaste en blywende verhouding tussen al die NG Gemeentes in die betrokke gebied (in ons raamwerk KwaZulu-Natal).*

1.2.2 *Sinodevergadering: verwys na die vergadering (tradisioneel die sitting) van die gemeentes van die kerkverband by wyse van hulle afgevaardigdes.*

1.2.3 *Sinodale verhoudingsaksies: verwys na aksies waarop die sinodevergadering besluit het om verhoudings binne die sinodale kerkverband te ondervang en te versterk.*

1.2.4 *Sinodale werksaamhede: verwys na die ooreengekome, gesamentlike aktiwiteite van die kerkverband wat voortvloei uit die sinodevergadering.*

Onder sinodale werksaamhede sou die volgende kon rsorteer:

1.2.4.1 *Sinodale kantoor: Personeel en werksaamheid in geheel gesien.*

1.2.4.2 *Sinodale amptenare: Enige werknemer wat deur besluit van die sinodevergadering permanent in diens geneem word om bepaalde take uit te voer en te bestuur.*

1.2.4.3 *Moderamen: Die kommissie wat deur die sinodevergadering aangewys word om bepaalde sake tussen vergaderings te hanteer.*

1.2.4.4 *Sinodale kommissies: Kommissies wie se funksies permanent van aard is.*

1.2.4.5 *Sinodale werkgroep: Kommissies wie se funksie tydelik van aard is.*

1.2.4.6 *Sinodale werk: Werksaamhede soos deur die sinodevergadering besluit wat permanent van aard is.*

1.2.4.7 *Sinodale projekte: Werksaamhede soos deur die sinodevergadering besluit wat tydelik van aard is of op 'n stadium selfstandig moet funksioneer.*

1.3 Funksie

Die funksie van die sinodevergadering is om in gehoorsaamheid aan Christus sy Hoof

- * *die gemeenskaplike sake van die NG Kerke in KZN*
- * *op prinsipiële en verantwoordbare wyse te hanteer*
- * *om sodoende kerkwees in die provinsie te versterk.*

1.4 Bestuursprosesse

1.4.1 *Die sinodevergadering onderskei tussen drie prosesse in sy bestuursketting, naamlik besluitneming, mobilisering en bediening.*

1.4.2 *Beleidsbesluite word deur die sinodevergadering geneem en in dringende gevalle deur die Moderamen met verslag aan die Sinode.*

1.4.3 *Mobiliseringsbesluite word geneem deur sy kommissies en die PSD's – laasgenoemde met spesifieke gedelegeerde gesag en verantwoording aan die betrokke kommissies.*

1.4.4 *Dag tot dag bedieningsbesluite word geneem deur die kommissies, werkgroepe en PSD's.*

1.4.5 *Sinodale kommissies en die PSD's word bemaagtig om die bestuur van hulle werksaamhede te onderneem, wat insluit die daarstel van strategieë om besluite te implementeer.*

1.4.6 *Kommissies, werkgroepe en PSD's voer die sinodale werk en projekte van die sinodale kerkverband uit."*



Goedgekeur.

5.64.3 Aanbeveling:
Vervang Punt 2 tot 11 vanaf bladsy 105 van die Kerkordeboek met die volgende:

"2.1 Doelstellings van die verskillende sinodale kommissies

2.1.1 Die **Moderamen** stel hom ten doel om:

2.1.1.1 voortdurende strategiese bestuur toe te pas – wat insluit die bepaling van behoeftes en die samestelling van werkgroepe wat daaraan aandag gee;

2.1.1.2 doeltreffende kommunikasie en koördinerende na binne en buite te beoefen;

2.1.1.3 ekumeniese verhoudinge te bevorder en te beoefen;

2.1.1.4 onderlinge verhoudinge binne die kerkverband te bevorder;

2.1.1.5 die PSD Ondersteuningsdienste saam met die Sinodale Ondersteuningskommissie en die Sinodale Regskommissie te benoem;

2.1.1.6 oor die werksaamhede van die PSD Ondersteuningsdienste op die terrein van die Moderamen toesig te hou;

2.1.1.7 sinodevergaderings te reël;

2.1.1.8 dringende besluite tussen sinodevergaderings te neem en alle sake en korrespondensie wat nie op die terrein van ander kommissies val nie te hanteer;

2.1.1.9 aansoek om herstel tot bevoegdheid te hanteer.

Goedgekeur.

2.1.2 Die Sinodale **Bedieningskommissie** stel hom ten doel om:

2.1.2.1 alle sinodale bedieningswerk en projekte waarop die sinodevergadering of sy kommissies mag besluit te koördineer en te bestuur;

2.1.2.2 onderlinge verhoudinge binne die kerkverband op die bedieningsterrein te bevorder;

2.1.2.3 die PSD Bediening te benoem en oor hom toesig te hou.

Goedgekeur.

2.1.3 Die Sinodale **Ondersteuningskommissie** stel hom ten doel om die sinodale werk en projekte te ondersteun deur:

2.1.3.1 onderlinge verhoudinge binne die kerkverband op die terrein van ondersteuningsdienste te bevorder;

2.1.3.2 finansiële bestuur wat begrotings- en beleggingsbestuur insluit;

2.1.3.3 personeelbestuur;

2.1.3.4 eiendomsbestuur van Sinodale eiendom;

2.1.3.5 administrasie wat die bestuur van die sinodale kantoor insluit;

2.1.3.6 toeken van studiebeurse;

2.1.3.7 bestuur van argief.

Goedgekeur.

2.1.4 Die Sinodale **Regskommissie** stel hom ten doel om:

2.1.4.1 die sinodevergadering en die sinodale kerkverband in verband met kerkregtelike sake te adviseer;

2.1.4.2 die Kerkordeboek gereed te maak en te publiseer;

2.1.4.3 diensverhoudinge te bestuur;

2.1.4.4 as gevolmagtigde appèlkommissie van die sinodevergadering op te tree;

2.1.4.5 Die PSD Ondersteuningsdienste saam met die Moderamen en Sinodale Ondersteuningskommissie te benoem;

2.1.4.6 oor die werksaamhede van die PSD Ondersteuningsdienste op die terrein van die Sinodale Regskommissie toesig te hou;

Goedgekeur.

2.2 Samestelling van kommissies

2.2.1 Moderamen:

2.2.1.1 Vier verkose moderatuurslede of hulle sekundi;

2.2.1.2 Een verteenwoordiger elk van die Sinodale Bedieningskommissie en Sinodale Ondersteuningskommissie;

2.2.1.3 Een predikant en een kerkraadslid vir elke ring;

2.2.1.4 Die PSD's (adviserend).

Goedgekeur.

2.2.2 Sinodale Bedieningskommissie [SBK]

2.2.2.1 Een verteenwoordiger van elke ring;

2.2.2.2 Twee kundiges van elk van die volgende vier bedieningsterreine: Gemeentebediening, Jeug, Sending, Barmhartigheid en een kundige op die terrein van Leer en Aktuele Sake.

2.2.2.3 Die PSD's (adviserend).

Goedgekeur.



2.2.3 Sinodale **Ondersteuningskommissie** [SOK]

- 2.2.3.1 Een kundige lid uit elke ring;
- 2.2.3.2 Een verteenwoordiger elk van die Moderamen, Sinodale Regskommissie en Sinodale Bedieningskommissie;
- 2.2.3.3 Maksimum van twee kundige lede wat soos benodig gekoöpteer kan word;
- 2.2.3.4 Die PSD's (adviserend);
- 2.2.3.5 Die Rekenpligtige Amptenaar (adviserend);
- 2.2.3.6 Die Argiefbeampte (adviserend).

Goedgekeur.

2.2.4 Sinodale **Regskommissie** [SRK]

- 2.2.4.1 Die Aktuaris plus vyf kundige persone waarvan verkieslik een persoon 'n regsgeleerde en/of arbeidsverhoudinge kenner is;
- 2.2.4.2 Die PSD's (adviserend).

Goedgekeur.

2.2.5 **Werkgroepe**

- 2.2.5.1 Die samestelling van elke werkgroep word gedoen met die oog op maksimum effektiwiteit (bestuur, kundigheid, rekenskap en koste).

Goedgekeur.

2.3 **Werkswyse** van sinodale werksaamheid

2.3.1 **Sinodevergaderings**

- 2.3.1.1 **Frekwensie** van vergaderings
Die sinodevergadering besluit dat die sinodevergadering elke twee jaar gehou word.

- 2.3.1.2 **Wyse** van vergadering
Die sinodevergadering keur goed dat die inrigting van die sinodale vergadering:

- * 'n geïntegreerde styl van kleingroepbesprekingstegnieke en debatvoering kan wees;

- * liturgies ingerig sal word;

- * stemming deur middel van kleurkaarte kan plaasvind; en

- * in die mees geskikte lokaal gehou word.

- 2.3.1.3 **Aanwys** van verteenwoordigers

- 2.3.1.3.1 **Benewens** sy normale take wys die sinodevergadering verteenwoordigers aan vir die Kuratoria en eksamenkommissies van die Universiteit van Stellenbosch, Universiteit van die Vrystaat en Universiteit van Pretoria.

- 2.3.1.3.2 Die verteenwoordigers op die kuratoria lewer verslag aan die

sinodevergadering via die Sinodale Bedieningskommissie.

Goedgekeur.

2.3.2 **Moderamen**

- 2.3.2.1 Die Moderamen vergader een maal per jaar onder voorsitterskap van die Moderator van die vorige sinodevergadering.

- 2.3.2.2 Die PSD Ondersteuningsdienste dien as notulerende skriba van die Moderamen.

- 2.3.2.3 Die Dagbestuur bestaan uit die vier verkose Moderatuurslede (of sekundi) met die PSD's as adviserende lede.

- 2.3.2.4 Die Dagbestuur vergader indien nodig. Daar word vir drie vergaderings begroot.

- 2.3.2.5 Die Moderamen lewer verslag aan die sinodevergadering van die uitvoering van hulle opdragte.

- 2.3.2.6 Die Moderamen lig die gemeentes deurlopend in van sy werksaamhede.

- 2.3.2.7 Besluite word uitgevoer deur die PSD Ondersteuningsdienste en sy kantoor of deur die taakgroepe soos besluit mag word.

- 2.3.2.8 Die Moderamen reël sinodevergaderings.

- 2.3.2.9 Die Moderamen wys verteenwoordigers aan op die ASK, SOK en by Ekumeniese liggame en die verteenwoordigers lewer verslag aan die Moderamen.

- 2.3.2.10 Opstel van begroting:

- 2.3.2.10.1 Die PSD stel die begroting van die Moderamen in samewerking met die voorsitter en ander belanghebbendes op.

- 2.3.2.10.2 Die voorlopige begroting word aan al die lede gesirkuleer vir kommentaar waarna wysigings aangebring word.

- 2.3.2.10.3 Die begroting word aan die Sinodale Ondersteuningskommissie vir finale goedkeuring voorgelê.

- 2.3.2.11 **Begrotingsbestuur:**

- 2.3.2.11.1 Die Dagbestuur of persone deur die Kommissie aangewys ontvang die maandelikse state vir kontrolering, kommentaar en goedkeuring.

- 2.3.2.11.2 Alle lede ontvang jaarliks geouditeerde state vir goedkeuring.

- 2.3.2.11.3 Die jaarlikse evaluering van begrotingsbestuur en hersiening van begrotings vind plaas binne twee maande nadat die geouditeerde state beskikbaar is en op 'n wyse wat deur die Kommissie bepaal word.

- 2.3.2.12 Die Moderamen hou toesig oor die werk van die PSD Ondersteuningsdienste. Die PSD lewer aan die Kommissie verslag



van sy werksaamhede op die terrein van die Kommissie.

Goedgekeur.

2.3.3 Sinodale **Bedieningskommissie**

2.3.3.1 Die Sinodale Bedieningskommissie konstitueer tydens die sinodevergadering.

2.3.3.2 Die PSD Bediening tree op as skriba van die Sinodale Bedieningskommissie.

2.3.3.3 Die Kommissie verkies 'n voorsitter, ondervoorsitter en een lid wat saam met die PSD as adviserende lid die dagbestuur vorm.

2.3.3.4 Die Sinodale Bedieningskommissie hou toesig oor die werk van die PSD Bediening. Die PSD lewer aan die Kommissie verslag van sy werksaamhede op die terrein van die Kommissie.

2.3.3.5 Die Sinodale Bedieningskommissie vergader een maal per jaar om bestuursbesluite te neem.

2.3.3.6 Die Dagbestuur vergader indien nodig. Daar word vir drie vergaderings begroot.

2.3.3.7 Die Sinodale Bedieningskommissie lewer verslag aan die sinodevergadering.

2.3.3.8 Die Sinodale Bedieningskommissie lig gemeentes deurlopend in van sy werksaamhede.

2.3.3.9 Bedieningsplanne vir die volgende termyn word aan die sinodevergadering voorgelê.

2.3.3.10 Besluite word uitgevoer deur die PSD Bediening en sy kantoor of deur kommissielede soos ter vergadering besluit mag word.

2.3.3.11 Die Sinodale Bedieningskommissie hanteer die werksaamhede op die terreine van Gemeentebediening, Sending, Barmhartigheid, Jeug en Leer en Aktuele Sake. Projekte op enige van hierdie terreine word deur werkgroepe afgehandel.

2.3.3.12 Die kantoor van die PSD Bediening bied 'n infrastruktuur vir die kommissie en alle projekte en lewer 'n administratiewe diens aan die kommissie en werkgroepe.

2.3.3.13 Die volgende sinodale werk (sien definisie hierbo) van die sinodale kerkverband ressorteer onder die Sinodale Bedieningskommissie:

2.3.3.13.1 Christelike Maatskaplike Dienste

2.3.3.13.1.1 Die CMD funksioneer volgens goedgekeurde reglemente.

2.3.3.13.2 Subkommissie vir Interkerklike hulpverlening (CIC – Commission for Interchurch Care):

2.3.3.13.2.1 Die Subkommissie vir Interkerklike hulpverlening funksioneer volgens die Riglyne van die Subkommissie

vir Interkerklike hulpverlening wat deur die Sinodale Bedieningskommissie goedgekeur word.

2.3.3.13.3 Vrouediens

2.3.3.13.3.1 Die Vrouediens funksioneer volgens die Riglyne van die Vrouediens wat deur die Sinodale Bedieningskommissie goedgekeur word.

2.3.3.14 Verteenwoordigers

2.3.3.14.1 Die Sinodale Bedieningskommissie wys verteenwoordigers aan by die volgende instansies:

2.3.3.14.1.1 Moderamen;

2.3.3.14.1.2 Sinodale

Ondersteuningskommissie;

2.3.3.14.1.3 Bybelgenootskap (Durban en KwaZulu streke);

2.3.3.14.1.4 Betrokke kommissies van die Algemene Sinode;

2.3.3.14.1.5 Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys;

2.3.3.14.1.6 Combined Missions Commission;

2.3.3.14.1.7 Enige ander instansie wat vir 'n verteenwoordiger vra mits die begroting daarvoor voorsiening maak.

2.3.3.14.2 Die verteenwoordigers lewer verslag aan die Sinodale Bedieningskommissie.

2.3.3.14.2.1 Die Sinodale Bedieningskommissie ontvang verslag van die verteenwoordigers van die kuratoria en neem dit in hulle verslag aan die sinodevergadering op.

2.3.3.15 Opstel van begroting:

2.3.3.15.1 Die PSD stel die begroting van die Sinodale Bedieningskommissie asook dié van ander werksaamhede wat onder die Kommissie ressorteer in samewerking met die voorsitter en ander belanghebbendes op.

2.3.3.15.2 Die voorlopige begroting word aan al die lede gesirkuleer vir kommentaar waarna wysigings aangebring word.

2.3.3.15.3 Die begroting word aan die Sinodale Ondersteuningskommissie vir finale goedkeuring voorgelê.

2.3.3.16 Begrotingsbestuur:

2.3.3.16.1 Die Dagbestuur of persone deur die Kommissie aangewys ontvang die maandelikse state vir kontrolering, kommentaar en goedkeuring.

2.3.3.16.2 Alle lede ontvang jaarliks geouditeerde state vir goedkeuring.

2.3.3.16.3 Die jaarlikse evaluering van begrotingsbestuur en hersiening van begrotings vind plaas binne twee maande nadat die geouditeerde state beskikbaar is en



op 'n wyse wat deur die Kommissie bepaal word.

Goedgekeur.

2.3.4 soos goedgekeur op p9 as 1.3

Aanbeveling: Vervang die werkswyse van die Sinodale

Ondersteuningskommissie met die volgende:

1. Die Ondersteuningskommissie konstitueer tydens die Sinodevergadering.

2. Die Kommissie kies 'n voorsitter, ondervoorsitter en een lid wat saam met die PSD as adviserende lid die dagbestuur vorm.

3. Die Sinodale Ondersteuningskommissie vergader een maal per jaar.

4. Die PSD Ondersteuningsdienste tree op as skriba van die Sinodale Ondersteuningskommissie.

5. Die Dagbestuur vergader indien nodig. Daar word vir drie vergaderings begroot.

6. Besluite word uitgevoer deur die PSD Ondersteuningsdienste en sy kantoor of deur kommissielede soos ter vergadering besluit mag word.

7. Verteenwoordigers:

7.1 Die Sinodale Ondersteuningskommissie wys 'n verteenwoordiger aan op die Moderamen.

7.2 Die Sinodale Ondersteuningskommissie wys verteenwoordigers aan by:

7.2.1 Die Algemene Kommissie vir Fondse;

7.2.2 Die Predikante- en weduweepensioenfondse.

7.3 Die verteenwoordigers lewer verslag aan die Sinodale Ondersteuningskommissie.

8. Personeelbestuur:

8.1 Die Sinodale Ondersteuningskommissie hou toesig oor die werk van die PSD Ondersteuningsdienste en hy lewer aan die Kommissie verslag van sy werksaamhede op die terrein van die Kommissie.

8.2 Die benoeming van die PSD Ondersteuningsdienste saam met die Moderamen en die Sinodale Regskommissie;

8.3 Die Sinodale Ondersteuningskommissie, in samewerking met die SRK, werf en stel sinodale kantoorpersoneel aan en hou toesig oor hul werksaamhede.

8.4 Die PSD Ondersteuningsdienste verwerk in ooreenstemming met Sinodebesluite en die jaarlikse riglyne van die AKF, die vergoedingspakket van personeel en predikante, lê dit voor aan die Dagbestuur vir

goedkeuring waarna dit geïmplementeer asook deurgestuur word aan gemeentes.

9. Finansiële bestuur

9.1 Opstel van begrotings:

9.1.1 Die PSD Ondersteuningsdienste stel die begroting van die Sinodale Ondersteuningskommissie in samewerking met die voorsitter en ander belanghebbendes op.

9.1.2 Die voorlopige begroting word aan al die lede gesirkuleer vir kommentaar waarna wysigings aangebring word.

9.1.3 Die Sinodale Ondersteuningskommissie keur sy eie begroting asook dié van ander sinodale werksaamhede finaal goed.

9.2 Begrotingsbestuur:

9.2.1 Die Dagbestuur of persone deur die Kommissie aangewys ontvang die maandelikse state vir kontrolering, kommentaar en goedkeuring.

9.2.2 Alle lede ontvang jaarliks geouditeerde state vir kommentaar waarna die Dagbestuur dit goedkeur.

9.2.3 Die jaarlikse evaluering van begrotingsbestuur en hersiening van begrotings vind plaas binne drie maande nadat die geouditeerde state beskikbaar is en op 'n wyse wat deur die Kommissie bepaal word.

9.3 Beleggingsbestuur:

9.3.1 Die PSD Ondersteuningsdienste en ander lede hou die mark gedurig dop vir goeie beleggingsgeleenthede.

9.3.2 Beleggings word gedoen volgens die bestaande beleggingsbeleid van die Sinodevergadering.

9.4 Toekenning van finansiële hulp aan gemeentes word volgens die Riglyne vir finansiële bystand aan gemeentes uit Sinodale Fondse gedoen.

9.5 Die voorlegging van die boekhouding en alle nodige dokumentasie aan 'n geoktrooieerde rekenmeester vir 'n jaarlikse audit.

9.6 Die advies aan die kerkverband met alle sake wat betrekking het op die materiële welsyn van die kerk.

9.7 Die kontrole oor die verpligte bydraes van gemeentes.

10. Administrasie en eiendomsbestuur word deur die PSD Ondersteuningsdienste en sy personeel gedoen met verslag aan die Sinodale Ondersteuningskommissie en sluit in:

10.1 die registrasie van eiendomme op die naam van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal;



10.2 die reëling van behoorlike versekering van versekerbare eiendomme;

10.3 die benoeming van direkteure vir die Artikel 21 Maatskappy wat eiendomme bestuur.

11. Die Sinodale Ondersteuningskommissie kan in samewerking met die Sinodale Regskommisjie reglemente en riglyne vir die beheer en hantering van bepaalde werksaamhede opstel.

12. Die Sinodale Ondersteuningskommissie se verteenwoordigers, te wete die PSD Ondersteuningsdienste en die Rekenpligtige Amptenaar (of enige twee ander persone deur die Sinodale Ondersteuningskommissie aangewys), het volmag om dokumente in verband met die behoorlike beheer en administrasie van die eiendomme en fondse van die Sinodale Kerkverband te onderteken.

13. Die Sinodale Ondersteuningskommissie handel volgens die REGLEMENT VIR DIE REËLING VAN EIENDOMME, GOEDERE EN FONDSE van die Algemene Sinode.

14. Die Sinodale Ondersteuningskommissie kan werkgroepe aanwys en lede koöpteer om sekere werksaamhede af te handel.

Goedgekeur.

2.3.5 Sinodale Regskommisjie:

2.3.5.1 Die Sinodale Regskommisjie konstitueer tydens die sinodevergadering.

2.3.5.2 Die Kommissie verkies 'n voorsitter en ondervoorsitter.

2.3.5.3 Die Sinodale Regskommisjie vergader normaalweg een maal per jaar.

2.3.5.4 Die Sinodale Regskommisjie wys 'n verteenwoordiger aan op die Sinodale Ondersteuningskommissie.

2.3.5.5 Die PSD Ondersteuningsdienste tree op as skriba van die Sinodale Regskommisjie.

2.3.5.6 Die Sinodale Regskommisjie hou toesig oor die werk van die PSD Ondersteuningsdienste. Die PSD lewer aan die Kommissie verslag van sy werksaamhede op die terrein van die Kommissie.

2.3.5.7 Die Sinodale Regskommisjie adviseer die sinodevergadering en die sinodale kerkverband in verband met kerkregtelike sake.

2.3.5.8 Die Sinodale Regskommisjie publiseer 'n nuwe Kerkordeboek in opdrag van die sinodevergadering.

2.3.5.9 Diensverhoudinge word deur die PSD Ondersteuningsdienste bestuur in samewerking met die Aktuaris, ander kundiges, en indien dit finansiële implikasies het, die Sinodale Ondersteuningskommissie,

met verslag aan die SRK. Appèlsake word deur die volle Regskommisjie hanteer.

